
# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL — TWEEDE UITGAWE 2024


# UITSTEKENDE SEISOEN VIR WITBULLE

Meer op bl.10



## Affies presteer by Cravenweek

Foto: Marnus Supersport Schools

Bladsy 10

### LEEFWYSE



Groot interskoolgeleenthede bied nie net geleentheid vir sportdeelname nie, maar gee ook aan die seuns van albei skole die geleentheid om mekaar te leer ken en mekaar se skoolkultuur te ervaar. Op die foto bo maak Deon Spies en Tiaan Loots (graad 12) nader kennis met Grey Kollege se “gumboot”-dansgroep.

### SPORT



Die Affie-gholfspelers het hul staal behóórlik gewys tydens die drie interskool-kragmetings wat teen onderskeidelik Paarl Gimnasium, Grey Kollege en Maritzburg College plaasgevind het. Hulle het teen al dié gedugte teenstaanders as wenners uit die stryd getree. Op die foto bo is Nathan Palmer op die setperk.

### KULTUUR



*Stroom-op* en die fotografieklub se eerste fotografiekompetisie is afgehandel en Ruan Brummer (graad 10) se inskrywing is deur die beoordelaars as die beste geesfoto aangewys. Lees meer hieroor op bladsy 3.

### LEEFWYSE



Bibberweer by Affies! Die ryp het in Julie dik en krakerig op die rugbyveld gelê en vir één keer kon die manne nie wag om in die klaskamer te kom nie.

### AKADEMIE



Graad 11 bly maar ‘n belangrike jaar vir akademie – iets waaraan die personeel die Affie-manne gereëld herinner! Stef Pretorius en Hechter Ferreira konsentreer dat dit klap tydens “wetenskapprakties” oor molekulêre geometrie!

# REDAKSIONEEL

-Neil Grobbelaar-

Die klank van Affies se legendariese klok wat weergalm deur die rooibaksteengebou wat ons gevorm het, begin al hoe nader kom. Die tyd om vriende, mentors en broers te groet, word 'n realiteit en die tyd vir manne om hulle eie spore in die lewe te gaan trap, is nie meer ligjare weg nie. Soos wat die woorde van Affie-liedere vir 'n laaste keer gesing word en deur die eeu-oue gebou rondom ons ingesluk word, word daar afskeid geneem. Afskeid van 'n plek wat meer as net 'n skool is. Afskeid van 'n plek wat oneindig baie herinneringe vir broers kweek. Afskeid van 'n plek wat jong seuns in sterk Christenmanne vorm.

As redakteur is dit nou ook my tyd om die figuurlike *Stroom-op* klok te lui. Om die pen oor te gee van 'n koerant wat deel vorm van generasies se geskiedenis. Die wete dat elke berig wat geskryf word veilig in die bladsye van 'n *Stroom-op* bewaar word, gee 'n gevoel van trots. Wanneer jy berigte van jou ooms en meesters lees, bevestig dit dat jy deel is van 104 jaar se geskiedenis wat stééds geskryf word. Mag die lig van die *Stroom-op* verder bly skyn.

Terwyl 2024 tot 'n einde kom, fokus ons matrieks op die laaste oomblikke wat hulle in die rooibaksteengebou saam met hulle broers kan spandeer. My raad: Koester elke oomblik en weet dat wanneer daardie laaste klanke van die klok stil word, élke broer sal onthou dat Affies se lig ook vir 'n ewigheid steeds in elkeen van ons se harte sal bly skyn.

## Redaksie

Neil Grobbelaar (redakteur), Tiaan Loots (adjunkredakteur: Akademie en Leefwyse), Deon Spies (adjunkredakteur: Sport), Joshua van Zijl (adjunkredakteur: Kultuur), Stef Pretorius, Adriaan Nel, Andru van Zyl, Callie Visagie, Christiaan Brits, Dylan Koegelenberg, James Roets, Alexander Coetzer Kristensen

# Redaksielede gebruik hul skryftalent om ma's te bederf

Hanro Zweers en sy ma, Caroline



Neil Grobbelaar (links) en Tiaan Loots staan hier by hulle ma's Rika en Marietjie.

Twee van *Stroom-op* se redaksiespan het kort voor Moedersdag hul skryftalent ingespan en met mooi opstelle oor hul ma's, 'n ring en 'n horlosie van die juwelier Deonné le Roux vir dié belangrike mens in hulle lewe losgeskryf.

Hanro Zweers was derde en sy ma het 'n hangertjie van dié bekende juwelier ontvang.

Al Affies se matrieks kon vir die wedstryd inskryf om in aanmerking te kom vir die pryse, ter waarde van R38 000.

Die ma's en hul seuns is saam met personeel van die Afrikaans Departement en me. Claudia le Roux van Deonné le Roux, op 'n ontbyt by 1920 getrakteer, waar hulle ook hul pryse ontvang het.

# Slimmer of slinkser met die selfoonbeleid?

-Stef Pretorius en Andru van Zyl-

"Daar gaan Kahoot!" sê een teleurgestelde Affie in Januarie terwyl die eggo van die nuus deur die skoolterrein weergalm ... die nuwe selfoonbeleid is aangekondig.

Dié nuwe beleid, wat ingestel is om leerders se fokus te verskerp en sosiale interaksie te bevorder, het op 17 Januarie die eerste keer in werking getree. En hoewel dít nou nie juis is waaraan die meeste ouens gedink het toe hul besluit het om deel van die Affie-geskiedenis te word nie, is die nuwe beleid nou al vir ses maande deel van die leefwyse by AHS en almal lewe darem nog.

Maar wat hou dié verandering in die praktyk vir die Affie-manne in?

Leerders wat voorheen ontevrede was oor die "een dag en R50"-boete, moes nou vrede maak met 'n verlengde 10 dae (naweke uitgesluit) en 'n R200-boete. Terwyl sommige Affie-mammas nog hul vingers opgewarm het om daarteen te protesteer met 'n e-possie, is hulle deur die skool gevra om die nuwe reël te onderteken.

Verbasend genoeg was daar geen groot epidemie van onttrekkingsimptome nie, maar eerder wydverspreide frustrasie. "Hoe bel ek nou my ma om te sê ek het my sportklere vergeet?", huil een Affie. "Baie van ons het ook uit gewoonte ons ouers gedurende pouses en tussen klasse gekontak om logistieke reëlings te tref of om eenvoudig 'n saak te bespreek. Nou moet ek my dag soos 'n militêre operasie beplan, alles vooraf gereël," kla 'n ander ou. Ander was bekommerd oor die effek op hul gunstelingfoonspeletjies of selfs die verlies van hul "Snapchat-streaks", aangesien hul moontlik sou vergeet om dit later in die dag te verdedig.

"Selfoon? Wat's dit?" vra sommige manne wat nog nooit hul fone by die skool gebruik het nie.



Vir hulle was dié nuwe reël soos water van 'n eend se rug.

Hierdie minderheid kon met stille trots hul dagtaak voortsit, heeltemal ongehinderd en onaangeraak.

Na bewering was daar 'n personeelkamerstorie oor 'n graad 8-outjie wat tydens die "Valentynsdag-social" 'n onderwyser moes vra om 'n meisie se nommer vir hom te vat omdat hy te bang was om sy foon uit te haal.

Vreemd genoeg is die graadaggies (volgens die hoof se sekretaresse wat die fone moet bewaar) die mees gedissiplineerde, met die graad 11's en 12's as die grootste selfoonoortreders.

Die vraag is egter: Het die leerkultuur darem al verbeter of het leerders net beter geraak om hul fone te verskuil? Het ons net beweeg van 'n eens "berookte" badkamer na 'n "tegnologiese" een of 'n "net-gou-vinnige" verskoning?

Ja, daar is beslis leerders wat aanpas deur nie aan te pas nie. En elke klas het waarskynlik 'n James Bond wat wag vir die regte oomblik (vir die onderwyser om om te draai) om sy foon uit te haal – alles pret en plesier totdat die telefoonkennisgewing afgaan (natuurlik nageboots deur die leerders se "oe's"). "Hopelik raak die opstelle net so kreatief," het een Afrikaanse onderwyseres haar versugting uitgespreek.

Gepraat van die onderwysers ... húlle reaksie op die beleid is redelik voor die hand liggend, met al die "in my dae"-stories waarna die Affies moet luister. Vir party van hulle is dit soos 'n nuwe klaservaring; ander voel weer soos gevangenisbewaarders, konstant op die uitkyk vir oortreders.

So, die nuwe selfoonbeleid? Dis te vroeg om werklik 'n gevolgtrekking te maak, maar soos die Engelse slagspreuk lui: "So far, so good."

# AHS GROET PERSONEEL WAT VERTREK, MAAR SÊ OOK WELKOM AAN NUWE AFFIES

-Deon Spies-






Mnr. Cobus Coetzee (departementshoof: Tegniese Vakke en Senior koshuisvader) het vanaf 1 September die pos as Bestuurder: Studentesake by SolTech aanvaar. Hy was sedert 2001 'n personeellid en sy vertrek is uiteraard 'n enorme verlies vir Affies. Die skool wens hom alle voorspoed toe vir sy loopbaan vorentoe.

Mnr. Jaco Koch (wat sedert 2010 by Affies werksaam is) is in die plek van mnr. Coetzee as Senior koshuisvader aangestel. Hy bly egter ook in sy pos as hoof van kondisionering en afrigter van die eerste rugbyspan aan.



In nog 'n verwikkeling by Affies is mnr. Colin Mendoza pas as nuwe hoof van hokkie aangestel en hy het reeds aan die begin van die derde kwartaal by Affies aangemeld vir diens. Hy vervang mnr. Blake Goosen wat binnekort saam met sy vrou na Engeland vertrek om hul loopbane daar voort te sit.



Mnr. Goosen bly tot 16 Augustus aan om die leisels te oorhandig. Hy het in sy drie jaar by Affies daadwerklike vooruitgang en ontwikkeling van hokkie bewerkstellig. "Dit was 'n absolute voorreg om deel te kon wees van Affies se hokkiegeskiedenis en om die hokkieprogram vorentoe te neem in die strewe om AHS een van die voorste hokkieskole in Suid-Afrika te maak." het mnr. Goosen aan *Stroom-Op* gesê.

Mnr. Mendoza is 'n bekende in hokkiekringe. Afgesien daarvan dat hy self as provinsiale hokkiespeler sy staal gewys het, het hy ook 19 jaar ervaring as Noordwes en Northerns se provinsiale hokkieafrigter. Hy was ook vir elf seisoene Hoërskool Rustenburg se eerstespanafrigter en het 'n indrukwekkende rekord as hokkiebestuurder, -afrigter en in hokkie-ontwikkeling.

# BURGEMEESTER BRINK DEEL WYSE WOORDE

-Stef Pretorius-

Die Uitvoerende Burgemeester van Tshwane, mnr. Cilliers Brink, het die Affie-plaas op 29 April besoek en die manne tydens die saalbyeenkoms toegespreek. In sy inspirerende boodskap het hy die seuns bewus gemaak van die belangrikheid van hul rol in die gemeenskap en die sosiale verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan.

"Dit is julle verantwoordelikheid om iets groter as julself te dien," het mnr. Brink gesê. "Ons land se ware krag lê in die gemeenskap en deur saam te werk, kan ons 'n positiewe toekoms vir Suid-Afrika skep. Elke individu moet sy plig ernstig opneem en doen wat hy kan."

Mnr. Brink dien as 'n toonbeeld van deursettingsvermoë en moed, soos blyk uit sy ervaring tydens die munisipale stakings wat verlede jaar in Tshwane plaasgevind het. Hy het sy vasberadenheid getoon deur standvastig te bly en leiding te gee te midde van stakings en onrus, en het geweier om toe te gee aan die druk om 0% loon- en salarisverhogings te verander. Hy het bewys dat deur moed te hou en werklik op te staan vir jou besluite, 'n mens stabiliteit en orde kan handhaaf.

Die burgemeester se woorde het 'n diep indruk op die jong manne gemaak omdat hy hulle bemoedig het vir die uitdagings in die land én terselfdertyd laat verstaan het dat elkeen 'n verskil kan maak.



Mnre. Cilliers Brink en Peregrine Joynt

# Pragwerke by Affie 100 Fonds se derde kunsveiling uitgestal

-Joshua van Zijl-



Die Affie 100 Fonds het in die tweede kwartaal hul derde uitstalling en -kunsveiling aangebied. Alhoewel dit 'n aanlyn veiling was, is die 185 werke van 63 kunstenaars (waaronder dié van drie Affie-seuns) op 13 Junie ook tydens 'n spoggeleentheid in die Potgietersaal uitgestal.



Volgens me. Leanie Nel van die Affie 100 Fonds Trust, word die geleentheid nie net aangebied om die kunstenaars te ondersteun nie, maar bied dit ook vir die Affie-gemeenskap die geleentheid om meer van kuns te kan leer en dit te geniet. "Die fondse wat geïn word, word natuurlik ook tot voordeel van die skool en ons leerlinge aangewend," het sy aan *Stroom-op* gesê.

# EN DIE WENNER IS ...

-Joshua van Zijl-

Die fotografieklub se eerste fotokompetisie in die *Stroom-op* het pragtige foto's opgelewer en die pryse in die vorm van 1920-lekkernye het die stemmery behóórlik aangemoedig.

Die foto wat die beoordelaars as die wenner aangewys het, was dié van Ruan Brummer (graad 10) en Armand Vivier was die persoon wat die regte voorspelling gemaak het.

Die foto wat die meeste stemme onvang het (die mees populêre foto) is geneem deur Christiaan van der Westhuizen (graad 9) en uit die 43 leerders wat vir sy foto gestem het, was Rikus Strydom ná die gelukkige trekking die wenner van die



bederfie by 1920.

Volgens mnr. Van Emmenis (kunsonderwyser) was die kompetisie straf en die beoordelaars, mnre. Billy Brown en Kenneth Holder, moes omtrent kopkrap om die wenner aan te wys. "Daar is uiteindelik gekyk na die komposisie, die gebruik van lig en skaduwee, hoe uniek die foto is en verál hoe effektief die foto die voorgeskrewe tema, Affie-gees, vasvang. Volgens die beoordelaars het Ruan Brummer die perfekte balans tussen dié kriteria gevind. Christiaan se foto het op sy beurt die gewone Affie se idee van Affie-gees uitgebeeld."



Die twee wenfotograwe in die Geeskompetisie, Christiaan van der Westhuizen (graad 9) en Ruan Brummer (graad 10), met hul 1920-geskenkbewyse.



Hierdie foto met die Affie-vlag is geneem deur Christiaan van der Westhuizen (graad 9) en was die mees populêre geesfoto onder die Affie-manne. Rikus Strydom (graad 11) het na 'n gelukkige trekking die hamburger en chips vir dié afdeling gewen.



Armand Viviers in graad 9 (regs op die foto), die *Stroom-op*-leser wat die beoordelaars se wenfoto reg voorspel het, geniet sy hamburger en chips saam met 'n maat.

# Voornemende matrieks van 2029 besoek die Plaas

-James Roets-



Mnr. Schalk Wessels gesels met 'n ouer.

'n Magdom laerskoolseuns en hul ouers het op 17 Mei by Redelinghuyspoort ingestap om by AHS se opedag 'n draai te kom maak.

Die laerskool-outjies is deur Affie-toerleiers op terreintoere geneem wat gestrek het van Edwardsplein tot die koshuispawiljoen. By elke "besoekpunt" het die toerleiers 'n bietjie meer vertel van die ryk geskiedenis van ons trotse skool, maar hulle kon ook Affies se toekomsvisie ten toon stel met die nuwe skoolgebou wat in 2022 voltooi is.

Die skool het die besoekers ook bederf met eet- en drinkgoed en elkeen het 'n geskenksakkie met 'n *Stroom-op* en 'n Affie-klimtol en -pennesakkie ontvang. Op die vierkant was 'n magdom stalletjies wat die aktiwiteite by Affies ten toon gestel het. Die gaste kon uiteindelik in die saal na die koor luister voordat hulle deur mnr. Joynt toegespreek is.



Christiaan Brits, Joshua van Zijl en Deon Spies het die *Stroom-Op*-stalletjie beman en die besoekers meer van die skoolkoerant vertel.

# Mnr. Joynt word! 50

Die hoof het op 22 Mei sy vyftigste verjaarsdag gevier. Die verskillende graadgroepe het hom vroegoggend op die vierkant gelukgewens en om die geleentheid behoorlik te herdenk, is elke seun by die skool met 'n "donut" bederf. Die personeel het na die skooldag vir 'n ete in die Potgietersaal bymekaargekom om dié spesiale verjaarsdag saam met die hoof en sy vrou te vier.



# RUSSIESE PRINSES INSPIREER AFFIE-DIGTER

-Joshua van Zijl-



Rieghardt Strauss (graad 10) het 'n tweede plek in die Nasionale POORT-skryfkompetisie verwerf met sy gedig, Anastasia. Die kompetisie word jaarliks deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aangebied.

Die gedig gaan oor prinses Anastasia, jong dogter van die laaste Russiese tsaar, Nikolaas die tweede, wat tydens die rewolusie in Julie 1918 saam met haar gesin voor die Bolsjewiste moes vlug. Die hele gesin is opgespoor en doodgemaak, maar daar is dekades lank (verkeerdelik) bespiegel dat prinses Anastasia die vreeslike gebeure oorleef het.

Rieghardt het aan *Stroom-op* gesê dat die Russiese geskiedenis hom fassineer en dat dit vir hom onverstaanbaar is dat die mensdom wreed genoeg kan wees om onskuldige kinders te vermoor vir die foute van hulle ouers. "Ek het gevoel prinses Anastasia se verhaal is een waarvan meer jongmense bewus moet wees."

Die kompetisie vind reeds sedert 1971 plaas en word deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aangebied. Dit is daarop gemik om skeppende talent onder hoërskoolleerders te ontdek, aan te moedig en aan 'n groter gehoor bekend te stel. Die POORT het aanvanklik op skryftalent gefokus, maar het die afgelope drie jaar ook 'n ontwerpkomponent. Graad 10-, 11- en 12-leerders kan daarom jaarliks 'n storie of gedig inskryf, of 'n voorblad vir die POORT-bundel ontwerp.

Rieghardt is ná sy prestasie ook uitgenooi om in die Julievakansie die skryfskool van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in Bloemfontein by te woon.



• *Afgesien van Rieghardt, is ook Jean Loubser en AJ Hattingh se werk in Poort geplaas.*




***Anastasia – Rieghardt Strauss***

*Liefling Prinses Romanova –*
*Hart van jou mense,*
*Jy was soveel meer as die nasie se wense*
*Liefling Prinses Romanova –*

*Dogter van die grote koning.*
*Onder jou broer se groot lyding,*
*Was jy die rede vir die mense se toewyding.*
*Die nasie se grootste beloning,*

*Maar onder Lenin se leiding,*
*Het Rusland begin wonder oor julle toewyding.*
*So het hulle die bloed van konings,*
*Gedryf uit hulle eie woning.*

*Tussen Ipatiev se mure,*
*Het julle begin skree vir hulp van die Engelse bure.*
*In Yekaterinburg het julle gehoop vir die hulp van haar ander seuns,*
*En gewonder oor die skade van hulle leuens.*

*So het julle geval in die Bolsheviks se net;*
*Slegs julle bloed kon die nasie red.*
*Jare later soek hulle vir 'n rede,*
*Maar nou uiteindelik ken jy vrede -*
*Liefling Anastasia*

# Bekende fluitspeler bied meesterklas by AHS aan

-Joshua van Zijl-

Die Suid-Afrikaanse musikant, Merryl Neille, het in April 'n meestersklas in die Ben Schoeman Ouditorium by AHS aangebied. Al die Affie-musiekleerders is uitgenooi om dié geleentheid by te woon.

Volgens Affies se fluitonderwyser, me. Laetitita de Lange, was haar leerlinge baie geïnspireer na dié geleentheid. Ben Cilliers (graad 10) moes ook tydens die meesterklas van sy werk voordra en volgens me. De Lange was Merryl beïndruk, nie net met sy spel en selfvertroue nie, maar veral met AHS se teoretiese opleiding wat vir hom die nodige agtergrond gegee het. Sy kon hom nie uitvang of vasvra nie!



Me. Merryl Neille en Ben Cilliers

# Duitser bly 'n volle jaar in Affieland!

-Tiaan Loots-

"Ich habe meine Zeit im Affies sehr genossen und würde euch alle vermissen"

Die afgelope jaar het Ben Gronemeyer, 'n Duitse uitruilstudent, by die Affie-familie aangesluit. Ben het in dié tyd by onderskeidelik Titus Venter, Tiaan Loots en by die Markram-broers gebly. Ben het die gees en vriendskappe by Affies vreeslik geniet en was 'n geesdriftige deelnemer in die Duitse klas en ook by die skaakoefeninge.

Volgens Ben was die kulturele verskille tussen Duitsland en Suid-Afrika aanvanklik vir hom nogal 'n groot skok en hy ervaar beslis die mense hier besonder vriendelik en behulpsaam. Nóg 'n groot aanpassing vir hom was die aantrek van skoolklere en die vaste skoolroetine wat hier gevolg word. In Duitsland kan 'n mens tussen klasse buite die skoolterrein rondloop en selfs die skooldag oorslaan sonder dat iemand 'n oog knip of daar dissiplinêr teen jou opgetree word.

Ben se gunstelingonderwyser was die biologieonderwyser, me. Pistorius, en hy was natuurlik ook baie tuis in me. Van Niekerk se Duitse klas. Ben sê hy sal definitief weer wil kom kuier vir al sy Affie-vriende en die gemeenskap waarby hy betrokke was.

Affies het ook aan die begin van die kwartaal 'n nuwe uitruilstudent, Florian Jäeger verwelkom.



Voor is Nico Vorster, Gerhard Smith, Heinrich Diedericks, Henri Potgieter, me. Ronel van Niekerk en Duncan Pinnick. Agter staan Tiaan Loots, Titus Venter en Ben Gronemeyer. Heel voor is Heinrich Löwe.

# Tegnologieklublede woon 'n Arduino-kursus by



Van links op die foto is Ewaldt Vos, Christiaan Sime, Benjamin van Tonder, Josh Daffue, mnr. Johan Benade, Ruan Vorster, Owen Kleinhans, Reuben Pieters, Burger Hough en Franco Conradie.

Die tegnologieklub het, in samewerking met mnr. Johan Benade ('n dosent in Megatronika by TUT) van 17 tot 19 Junie 'n Arduino-kursus by die skool aangebied. Die seuns het verskeie sensors, soos die ultrasoniese sensor, "encoders" en gyrosensors, aan 'n robotmotor gekoppel en dit daarna geprogrammeer om verskeie take uit te voer.

Geen kennis van die Arduino-mikrobeheerder of die programmering daarvan was 'n voorvereiste vir die bywoning van die kursus nie. Die Affiemanne het egter vinnig die instruksies, wat in C-programmeertaal geskryf word om die motor en sensors te beheer, baasgeraak.

Die Affies wat die kursus bygewoon het, het elk 'n Uno Edu Kit, ultrasoniese sensor, "jumper" kabels, 'n 2x16 LCD-skerm en 'n robotmotor as geskenk van mnr. Benade ontvang.

# **Rooidasse** die beste seunskoor in Pretoria (en wie weet – dalk nog in die land...?)

-Deon Spies-



Die Affiekoor het op 18 Mei aan die uitdunrondte van die ATKV Applous Nasionale Koorkompetisie deelgeneem en het na die landswye finaal deurgedring wat op 27 Julie in Kaapstad plaasvind.

In aanloop daartoe het die koor reeds hul stemme laat weerklink by verskeie kerkdienste, koorfeeste en interkultuur-aande. Dit sluit in 'n optrede by die Ooskerk, die UP Koorfees en die Affie-Grey Interkultuuraand.

Die Rooidasse het ook aan die "meer ervare" afdeling van die Pretoria Eisteddfod deelgeneem. Hierdie groep jongmanne is as kategoriewenners aangewys en is beloon met 'n uitmuntende A++ wat 90% of meer is.



## A-Minere op die verhoog saam met ander Pretoriaskole

Die A-minere het einde Mei by St Alban's College se "Voices unplugged" opgetree. Hulle het die verhoog gedeel met a capella-groepe en sang-ensembles van Pretoria Girls High School, St Mary's DSG en St Alban's College.

# *Simfonia Juventi* ontwikkel musikante én skep herinneringe

-Joshua van Zijl-

Nie minder nie as nege Affies het hul oudisies geslaag en was vanjaar bevoorreg om te kon deel wees van Simfonia Juventi, die bekende provinsiale orkes onder leiding van mnr. Eddie Clayton.

Die orkeslede het, soos in die verlede, vir 'n week in die Aprilvakansie saam geoefen om die werke onder die knie te kry en ook om aan die orkes se dinamika gewoond te raak. Daarna was die groep gereed vir die optredes by Pro Arte, NG-kerk Nylstroom-Oos en by die Hoër Volkskool Heidelberg. Die hoogtepunt vir die orkes bly egter die jaarlikse UNISA-optrede in die ZK Matthewssaal.

Die orkeslede stem almal saam dat die herinneringe en wonderlike tye met Simfonia nie slegs die oomblikke op die verhoog met wonderlike uitvoerings is nie, maar met die prettighede wat spontaan plaasvind sodra die groep enige pouses of vrye tyd het. 'n Gunstelingtydverdryf is om mnr. Clayton se siel uit te trek deur hul "orkesparte" te sing eerder as om dit te speel.

Simfonia Juventi bly 'n onvergeetlike ervaring, omdat almal daartoe bydra om die orkes se standaard hoog te hou, maar dit steeds regkry om dit alles voluit te geniet.



Die Affies wat vanjaar deel was van Simfonia Juventi is Luan Claassen, Heinrich Diedericks, Joshua van Zijl, Henri Potgieter, Len Müller, Martinus van Rooyen en Gerhard du Preez (agter). Voor is Marnu van Zyl en Mornay Greyling.

# *Melkbottel-melkskommels en melktert-pannekoek – graad 9's speel entrepreneur*

-Stef Pretorius-

Entrepreneursdag is die één dag wat almal in graad 9 moet deurgaan. Selfs Mámma wil nie eers meer help nie, want "jy is mos nou mooi groot", en vriendskappe word getoets wanneer dit by die verdeling van die winste kom.

Terwyl die senior grade maar te bly is dat hulle dit agter die rug het, geniet hulle steeds die verlengde pouse en die geleentheid om lekker eetgoed en interessante items te koop. Boonop kan selfs die meisies beïndruk word op hierdie dag, sonder om eers te veel te praat – jy moet eenvoudig net die beursie uithaal!

Vanjaar se entrepreneursdag was geen uitsondering nie. Met die magdom stalletjies (waarvan nét die helfte pannekoekvariante was), was daar baie dinge om uit te kies! Jy kon smul aan prego's, pizza en selfs 'dirty fries', alles terwyl jy 'n melkbottel-melkskommel geniet. Daar was ook speletjies, soos om te kyk hoe lank jy aan jou arms kan hang en tradisionele bokdrolspoeg. Jy kon ook probeer om jou meisie te beïndruk deur 'n teiken raak te gooi en om iemand só in die water te dompel.



Mnr. Adriaan Smit wys hoé 'n mens moet bokdrolspoeg

Een ding wat die Affies (en selfs die meisies om een of ander rede) gemis het, was die tekort aan Affie-produkte soos die slaap- en onderbroeke van die verlede. Sal hierdie items volgende jaar 'n terugkeer maak? Net tyd sal leer.

Entrepreneursdag bly 'n dag vol pret en geleenthede, 'n tradisie wat sekerlik sal voortleef.




Hierdie groep geesdriftige hamburgerverkopers het seker gemaak dat hulle 'n treffende advertensie vir hul produk het (regs bo).

# Redenaars maak Affies trots

-Alexander Coetzer Kristensen-

Die redenaarseisoen het vanjaar uiters goed afgeskop met deelname aan die ATKV- sowel as die Van Huyssteens-redenaarskompetisies.

Na afloop van Gauteng-Noord se eerste uitdunrondte dring nie minder nie as 14 gladdebekke deur na die voorbereide kategorie van die ATKV-redenaarskompetisie se semifinaal. Vier van hierdie sprekers dring ook deur na die onvoorbereide kategorie. Affies behaal in totaal dus 18 ATKV-semifinaalplekke, wat tot op hede die skool se beste prestasie in hierdie kompetisie is.

Die Van Huyssteens-redenaarskompetisie wat in Maart plaasgevind het, is beslis 'n jaarlikse hoogtepunt op die redenaarskalender.

'n Volle 104 sprekers het vanjaar die skool verteenwoordig, wat ongeveer een veertiende is van al die leerders in die skool. Tydens die glansryke gala-aand tree die graad 11-span, bestaande uit Andru van Zyl, Adriaan Nel, Albert Smit en George Henderson as wenners uit die stryd van sowel die Afrikaanse as die tweetalige kategorieë. Die gesoute graad 12-span (foto regs) van Neil Grobbelaar, Jacques Ferreira, Theuns Maritz en Mpumi Rakhudu stap met die louere weg in die Afrikaanse kategorie. By hulle staan me. Andriëtte Jacobs, hul afrigter.





Reuben Dreyer, Christopher Jansen van Vuuren en Juandré Gerber sit gereed by die halfeindrondte van die ATKV-debatskompetisie wat by Hoërskool Helpmekaar aangebied is.

# Vyf Affie-debatspanne deur na ATKV-finaal

-Neil Grobbelaar-

Op 14 en 15 Mei het nie minder nie as 23 Affie-debatteerders by Helpmekaar Kollege aan die semifinale rondte van die ATKV-debatskompetisie deelgeneem. Die manne het weer aan die res van Gauteng gewys waarom Affies die topdebatskool in die provinsie is, aangesien hulle vir die vyftiende jaar in 'n ry met vier of meer spanne na die nasionale finaal van hierdie kompetisie deurdring.

In die senior kompetisie het die ouens nie teruggehou nie en die span van Jacques Ferreira en Neil Grobbelaar tree as Gauteng se beste uit die stryd, met Christiaan Burger en Wihan Koster tweede en Werner Victor en Paul-Ralph Smit in die vyfde plek. In die junior afdeling het die span van Juandré Gerber, Christopher Jansen van Vuuren en Reuben Dreyer die boonste trappie van die podium ingeneem. Dawie Barnard, Willem Wethmar en Dawid Roos was kort op hulle hakke in die derde plek. Hierdie vyf spanne staan dus die helfte van Gauteng se totale podiumplekke vol en sal op 14 en 15 Augustus, soos elke jaar, hul staal by die finaal van die ATKV-debatskompetisie moet wys en die Affie-stempel op Suid-Afrika se skoledebat afdruk.



Die groep Affie-musikante tydens die prysuitdeling.

# Musikante sing en speel ál die regte note by Eisteddfod

-Christiaan Brits-

Die 2024 Pretoria Eisteddfod is vanjaar by AHS aangebied en dit het besonder goed gegaan met die orkeste én die Affie-musikante op individuele vlak.

Die strykorkes en die Swing-ensemble het as kategoriewenners uit die stryd getree en tydens die gala-aand op 24 Mei is Joshua van Zijl (graad 12) met sy klarinet as die algehele wenner van die afdeling vir Houtblaasinstrumente aangewys, terwyl Ben Cilliers (graad 10) met sy fluit in die tweede plek geëindig het. Rowan Egen (graad 12) wen die perkussie-afdeling en Jordan Scholtz (graad 9) word aangewys as die "Mees Belowende Jong Speler van die Jaar" en verwerf só ook 'n jaarlange lidmaatskap van die FAK-orkes. Christoff Burger (graad 8) het op sy beurt die klavier laat sing en wen by die gala-aand vir pianiste die prys vir die beste prestasie in die graad 1-eksamen-afdeling.

Die Rooidasse sing 'n A++ los in die kategorie vir meer ervare kore en wen daarmee dié afdeling.

- *Daar was vanjaar 294 items by die eisteddfod, waarvan 78 AHS-inskrywings was. Die Affie-seuns het 'n totaal van 21 trofeë gewen, waarvan een vir die algehele wenner was.*



# GOOI MIELIES!

-Neil Grobbelaar-


Drie koshuisbrakke het die inisiatief geneem om saam met die terreinpersoneel van die skool, 'n klomp van Awie se pa se mielies agter die perdestalle te plant. Nadat daar geoes is, is vele mielies in die koshuis versprei en ook aan die terreinpersoneel gegee. Die oes was 'n reusesukses, soveel so dat almal gevra het dat hierdie inisiatief 'n jaarlikse instelling moet word. Voor op die foto is mnr. Solomon Sibanyoni en Gunther Combrinck en agter is Colin Ehlers en Awie Brits.

# VOORSPEL hierdie keer die beste AKSIEFOTO om jou hamburger en chips te wen!

Die fotograwe van die Affie-fotografieklub kon hierdie keer hul beste aksiefoto vir die fotografiekompetisie inskryf. Om te wen, moet lesers die QR-kode skandeer en voorspel watter foto die **beoordelaars** as die beste beskou. Die wenfotograaf sowel as die "voorspeller" sal in die laaste 2024-uitgawe van *Stroom-op* aangekondig word. Mnre. Kenneth Holder en Billy Brown is die beoordelaars wat deur die fotograwe beïndruk moet word.











# Affies hét tyd vir liefdadigheid!

-Adriaan Nel-



Eddie Vahrmeijer en Willem du Plessis (graad 8)

Met 'n groot deel van die skool wat op 12 Julie na die interskool by Maritzburg vertrek het, het sowat 200 seuns wat nie hierby betrokke was nie, die geleentheid gekry om Laerskool Generaal Nicolaas Smit en Wetnose Dieresentrum te besoek. By die laerskool kon die seuns saam met die kinders sokker en rugby speel, voordat hulle die Ebenhaeser-kinderhuis en Julie's Den, nóg 'n welsynsprojek, kon besoek.

Die groep by Wetnose het gehelp om perdestalle skoon te maak, hondebakke te skrop en met die katte en honde te speel. Volgens me. Leneldi van Jaarsveld is die hulp wat die seuns verleen het van onskatbare waarde omdat dit die personeel die geleentheid gee om dan by ander dringende sake uit te kom.



Affies kuier by Laerskool Generaal Nicolaas Smit.

# Kortliks



**Edmund du Plessis** (matriek 2020) het die 800 m tydens die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskap in Pietermaritzburg in 'n tyd van 1:44:92 gewen. Dit is die vinnigste tyd die afgelope

**George Kusche** (matriek 2016) het die Twee Oseane Halfmaraton (21,1 km) in 'n tyd van 1:05:33 voltooi vir 'n derde plek, 'n kortkoppie agter die wentyd van 1:04:40.



**Duncan Robertson** (matriek 2021) het vroeër vanjaar die SA o.23 spiesgooititel op die SA Atletiekkampioenskap verower.

**Juan Schoeman** (matriek 2022) is by die Suid-Afrikaanse Nasionale o.20 hokkiespan ingesluit wat in Oktober aan die Junior Afrikabeker deelneem.

**Chrisjan Maas** (matriek 2021) is lid van die Universiteit van Texas se gholfspan. Sy span het op 15 Mei die NCAA-streekstoernooi gewen en sodoende na die Nasionale Kampioenskap deurgedring. Chrisjan het uiteindelik die toernooi individueel gewen met 'n telling van 9 onder baansyfer.



**Christian Kriek** (matriek 2015) het einde April tydens 'n kwalifiserende rondte op Heron Banks Gholfbaan vir die Sonskyntoer gekwalifiseer.



**Quewin Nortjé** (matriek 2021) is vir die Blitsbokspan gekies wat Suid-Afrika by die Olimpiese Spele in Parys sal verteenwoordig.

**Anderson White** en **Zanko Symington** (albei matriek 2023) is vir die Proteaspan gekies wat Suid-Afrika by die Compak Wêreldkampioenskap in kleiduifskiet gaan verteenwoordig.

**Luan Munnik** (matriek 2018) was deel van Suid-Afrika se atletiekspan wat onlangs aan die 2024 Afrikakampioenskap in Kameroen deelgeneem het. Hy het 'n vyfde plek behaal in die 1 500 m vir mans.

# Affie word Suid-Afrikaanse valskermspring-kampioen

-Tiaan Loots-



Is jy soms moeg vir skool en voel dit vir jou of jy uit 'n vliegtuig wil spring? Voel jy in die wiskundeklas of jou valskerm net nie wil oopgaan nie? Calvin Holding (graad 12) het waarskynlik die oplossing gevind. Hy raak van sy stres ontslae deur régtig uit 'n vliegtuig te spring – gelukkig darem mét 'n valskerm. Dié moedige Affie het aan die begin van die tweede kwartaal in Parys, Vrystaat, aan die Suid-Afrikaanse Valskermspringkompetisie deelgeneem en met 21 punte voor sy naaste teenstander in die eerste plek in sy afdeling geëindig.

Hy en sy spanmaat, Nabeel Kahn, het in die formasie-valskermkategorie deelgeneem – een van die moeilikste afdelings wat daar is. Die kompetisie bestaan uit verskeie rondtes en die twee het telkens 35 sekondes gehad om soveel moontlik formasies in die lug te vorm.

*Stroom-op* wou by Calvin weet wat die stappe tot sukses in dié unieke sportsoort is:

**Stap 1:**
Berei voor vir een tot twee jaar as jy dit nog nooit gedoen het nie. Vyf of ses maande se intense oefening is ideaal voor 'n kompetisie.

**Stap 2:**
Word deel van die klein groepie mense in Suid-Afrika wat oor die vermoë beskik om aan die kompetisie te kan deelneem.

**Stap 3:**
Vind 'n professionele spanmaat – verkieslik iemand met baie ervaring en kry 'n lekker spannaam soos Tropic Thunder.

**Stap 4:**
Voor jy spring – drink 'n Redbull om vir jou vlerke te gee.

# Kaptein van Affies se eerste span verteenwoordig die skool by TSA-vertoonwedstryd



Lourens Swanepoel (graad 10) en Daniella Laubscher van AHMP by Montecasino met hulle aarbeie en room.

Vir die bekendstelling van hul nuwe borg, Mastercard, het Tennis Suid-Afrika (TSA) vier skole genooi om van 13 tot 15 Julie by Montecasino aan vertoonwedstryde deel te neem.
AHS en AHMP het gekompeteer teen die span van St Stihians en St Mary's en het in die finaal teen hulle teenstanders die knie gebuig.

## Muurbal

Ruan Engelbrecht (graad 10, regs) is vir die Northerns o.16 A2-muurbalspan en Mornay Greyling (graad 10) vir die Northerns o.16 B1-span gekies wat in die vakansie aan die interprovinsiale toernooi in Pretoria deelgeneem het.



## *Divan is die nuwe junior SA-tweekampkampioen*

-Andru van Zyl-



Divan de Vries (graad 12) het in die wintervakansie aan die Suid Afrikaanse Tweekampkampioenskap in die "sprint"-afdeling deelgeneem en is as die nuwe junior SA-tweekampkampioen gekroon.

Die kompetisie het langs die Midmardam in KwaZulu-Natal plaasgevind en om te wen moes dié Affie-langasem vyf kilometer hardloop, twintig kilometer fietsry en weer twee en 'n halwe kilometer hardloop. Divan het die wedloop in slegs 54 minute en 37 sekondes voltooi.

Divan sê hy sien daarna uit om in Augustus 'n paar dae skool te mis en in Townsville, Australië aan die World Multisport Championships te gaan deelneem.

## Oudste oud-Affie oorlede



Die bekende teoloog, prof. Adriaan Pont (matriek 1943) is op 2 Junie op die ouderdom van 97 oorlede. Prof. Pont word onthou as een van die oudste oud-Affies – hy het sy matriek op 16 voltooi. Op die foto bo is hy tydens die bekendstelling van Affies se eeufeespublikasie in 2023 by die skool afgeneem.

## Oud-Affie-oupas en -kleinseuns

Wat 'n voorreg om saam met jou oupa by sy sestigjaarreünie afgeneem te word. Die trotse oupas hieronder was deel van die groep wat hul 1964-matriekreünie op 17 Mei by Affies bygewoon het.



Mnr. Ben du Plessis en Hanru Pretorius (graad 11)



Mnr. Nico Wolmarans en Daniël Wolmarans (graad 8)



Prof. Johann Engelbrecht en Hanru Engelbrecht (graad 12)

## BLOEDSKENK

Die Nasionale Bloedbank het Affies op 16 Julie besoek en AHS het altesaam 130 eenhede bloed geskenk – die meeste nóg vanjaar. "Die feit dat elke bloedskenker 'n swart koelsakkie as geskenk ontvang het, het die manne nóg meer gemotiveer om te kom skenk." sê me. Hannalize Koch (organiseerder).



# WITSTOKKE WYS WAT AFFIE-GUTS BETEKEN

-Deon Spies-



Wian van Schalkwyk tydens die wedstryd teen Die Hoërskool Menlopark

Op 1 Junie het die Witstokke 'n opwindende maar uitdagende tweede kwartaal van hokkiekragmetings met 'n tuiswedstryd teen Die Hoërskool Menlopark afgesluit. Hierdie wedstryd was deel van 'n belangrike bepaling, veral omdat alle oë van die rugbyveld na die hokkie-astro verskuif het nadat Menlopark hulle rugbyspanne onttrek het.

In 'n opwindende spel van heen-en-weer-hokkie was die telbord, met net vier minute se speeltyd oor, op 1-2 in die besoekers se guns. Almal het gedink dat die koeël vir die Witstokke deur die kerk was, maar die span het Affie-guts gewys en die wedstryd uiteindelik met 3-2 beklink.



Kort voor die wintervakansie is nie minder nie as 12 van Affies se hokkiespelers by Noord-Gauteng se strukture ingesluit. Op die foto is Emile Blanché (o.14B), Antonie van der Walt (o.14B), Daniel Pienaar (o.14B, Wian Kleu (o.14, nie-reisende reserwe) en Keegan Pretorius (o.14), nie-reisende reserwe). Agter staan Guihom Mouton (o.18B), Owen Kleinhans (o.18, nie-reisende reserwe), Zeann Marais (o.16A), Gawie de Kock (o.16A), Wium van Niekerk (o.16A), Rudolph Thiart (o.16A) en Kean Cornelissen (o.16B).

# Affies trap fiets van Frankryk tot in die Bosveld

-Tiaan Loots-

Twee Affie-fietsryers, Henré Myburgh (graad 12) en Reuben Spies (graad 10) het in die vakansie saam met 'n groep professionele ryers aan die UCI World Cup Downhill in Les Gets in Frankryk deelgeneem.





In die Gauteng Cycling Enduro Series wat in Julie by die Summerplace Wildreservaat naby Vaalwater plaasgevind het, het drie Affies die podium volgestaan. Hiér word daar van die ryers verwag om herhaaldelik, in hul eie tyd, teen 'n hoë opdraande of 'n berg op te ry en om dan in die vinnigste tyd moontlik weer tot onder te jaag. Justin Deysel (graad 10) was eerste terwyl William Pienaar (graad 9) en Reuben Spies (graad 10) onderskeidelik in die tweede en derde plek geëindig het.







Foto: Instagram


Henré Myburgh in aksie met sy bergfiets.




Henré Myburgh (graad 12) staan regs op die foto en het ook in Julie 'n tweede plek tydens die Gauteng Cycling XCO (Cross-Country Olympic) Kampioenskap by Grootfontein behaal. Hierdie wedren vind gewoonlik plaas op 'n bergfietsrybaan wat oor vier tot ses kilometer strek en wat verskeie tegniese uitdagings aan die ryers stel.

## Tafeltennis-spanne wys ware veggees

-Callie Visagie-



Ruan Joubert en Jarrod Celliers

Tafeltennis is soos om met 'n meisie te praat – dit lyk maklik, tot jy dit self moet doen.

In die besige maar opwindende tweede kwartaal was Affies konstant en volspoed besig om spane te swaai. Me. Erika Swanepoel (organiseerder) se spanne in die A-, B- en C-liga het vir die derde jaar in 'n ry as wenners uit die stryd getree.

Affies se eerste span het in die finaal koppe gestamp met Hoërskool Oos-Moot en met 'n telling van 20-10 gewen. Ons tweede span het tuis teen Zwartkop in die finaal gespeel en met 'n telling van 21-9 die liga gewen. Die derde span het die finaal gehaal, maar die wedstryd teen Hoërskool Overkruin is gekanselleer. Ons vierde span het ook Affie-guts gewys en met 19-11 oor Hoërskool Zwartkop koning gekraai.

# BULSPAN STORM VOORT!

-Andru van Zyl-




Foto: Joshua van der Merwe

Affies se losskakel en puntemaker, Ruben Pienaar, het 'n uitstekende seisoen gehad. Hier stel hy die bal tydens die wedstryd teen Grey Kollege.

Dis nie verby tot die eindfluitjie blaas nie!

Die Witbulle van 2024 se wedstryde is meer dikwels as nie in die doodsnikke van die stryd bepaal. Die span het by die Noord-Suid-toernooi met vyf punte teen Paul Roos Gimnasium die onderspit gedelf. Later in die seisoen het hul met vier punte teen Grey Kollege verloor nadat die besoekers 'n drie gedruk het in die tyd wat die skeidsregter ingeasem het om die eindfluitjie te blaas. Die wedstryd teen Hoërskool Garsfontein is gewen met twee punte en dié teen Paarl Gimnasium is met een enkele punt verloor. Dis nie net húlle harte wat gebreek is nie. Hulle dra die hoop en ideale van die ganse skool. Elke Affie-hart het gebreek met élke noue verloorslag.

Menige harte het egter ook verbete geklop met elke oorwinning. Reusesuksesse is behaal teen skole soos Paarl Boys' High, Jeppe, KES en Hoër Landbouskool Oakdale. Die span se losskakel, Ruben Pienaar het dwarsdeur die seisoen oorwinnings uit ander skole se hande geskop en die Affie-skrumbeweging was weer sonder gelyke.

Spesiale oomblikke wat onthou sal word, is Eagan Roux se drie teen Paarl Gimnasium, waar hy soos 'n warm mes deur botter deur die teenstaanders gesny het. Selfs teen Jeppe het die span 'n drie gedruk waar die beweging minder as vyf meter van hul eie doellyn begin het en uiteindelik deur die skrumskakel, Zirk Meyer, afgerond is.

Die Witbulle eindig onder die topvyf in die land – 'n span met kompeterende harte wat met trots brand. 'n Span wat onthou sal word.

# Affie-manne presteer by Cravenweek en in SA Skolespanne

-Andru van Zyl-

Elke ou wat op die rooibaksteenstoepe wandel, weet dat Janco Purchase se naam eintlik net met vyf letters van die alfabet: "R"U"G"B"Y, gespel word! Daar is niks waaroor Purchase so ernstig is soos rugby nie en tussen die vier lyne kan sy leierseienskappe ook nie ontken word nie.
Die Witbul- en Bloubul o.18-binnesenter en kaptein is tydens die wintervakansie ook by die o.18 Cravenweek as die agterspeler van die toernooi aangewys. Na afloop van die toernooi is hy ook gekies om in 2024 die Suid-Afrikaanse Skolespan se nommer 12-trui vir 'n tweede keer oor sy kop te trek.

JD Hattingh (slot) en Hendré Schoeman (skrumskakel) het op hulle beurt vir die SA Skole A-span uitdraf. JD is ook as kaptein van dié span aangewys.

Die ander Witbulle wat vanjaar hul staal by die Cravenweek gewys het, was Ethan van Wyk (haker), Albert Smit (flank) en Ruan Lippoldt (agtsteman).

# 'n Spesiale *rugbyontmoeting…!*

Die Witbulkaptein en -onderkaptein, sowel as die afrigters, kon onlangs 'n spesiale ontbyt en vraag-en-antwoordsessie met die Springbok-afrigtingspan bywoon. Die span was in hierdie stadium besig om vir hul internasionale reeks teen Wallis en Ierland voor te berei.

Op die foto is mnr. Jerry Flannery (verdedigingsafrigter), Janco Purchase (kaptein), mnr. Daan Human (skrumafrigter), mnr. Jaco Koch (Witbul-afrigter), JD Hattingh (onderkaptein), mnr. Ruan Jacobs (Witbulafrigter) en mnr. Tony Brown (aanvalsafrigter).



# Skaakspelers inspireer met hul passie

-Andru van Zyl-

Affies-skaak het 'n góéie seisoen beleef. In die D4-liga eindig die o.19A's sowel as die o.19B's tweede in hulle onderskeie afdelings. Die o.17A's eindig eerste, die o.15A's vierde en die o.15B's derde.

Die spanne neem op 3 Augustus aan die D4-uitspeelwedstryde deel, waarna die wenner na Gauteng se Top Skole deurdring wat op 24 Augustus plaasvind.

*Stroom-op* het met die skaakspelers gaan gesels en het op interessante feite afgekom. Die Witvingers en tweede span, wat onlangs in gevreesde opponente ontaard het, neem hul skaak baie ernstig op. Die laer spanne, aan die ander kant, sien die geleentheid raak om die beste tyd van hul lewe saam met hulle pêlle rondom die borde te hê, al maak hulle dit baie duidelik dat hul so ernstig soos 'n hartaanval is as hul agter die bord sit.

Die spanne het vroeër vanjaar 'n skaakkamp by die skool gehad waar hulle planne gemaak en hul taktiek en openingskuiwe geslyp het. "Touchies" is tussendeur gefokusde sessies gespeel, weliswaar met 'n klein balletjie, aangesien nie een van die slimkoppe daaraan gedink het om 'n rugbybal saam te bring nie.



Zak Burger (graad 11) dink diep oor sy volgende skuif.

In gesprek met een van die senior skaakspelers kom daar selfs ander wyshede na vore: "Ek verloor altyd teen dames met blonde hare en seeblou oë. My spanmaats grap regdeur die liga dat hul net hoop ek speel nie teen blonde meisies nie." Ten einde hierdie swak punt in die Affie-skaakarsenaal van ander spanne weg te steek, weerhou *Stroom-op* egter die naam van hierdie speler.

Die skaakmanne kry dit beslis reg om alles te geniet terwyl hulle hul sportsoort beoefen – iets wat besonders en inspirerend is.

Agt skaakspelers het ook in Mei aan die D4-distrik se Tshwane Suid Individuele Skaakkampioenskap deelgeneem. Dié kompetisie het uit vyf rondtes bestaan met 'n tydskontrole van 60:60.

In die o.15-afdeling het Xavier Bath 'n derde plek behaal, Darius Swanepoel 'n vyfde plek, Christopher Jansen van Vuuren 'n agtste plek en Altus van der Merwe 'n sewentiende plek.

Ryan McPhail wen die o.18-afdeling. In dieselfde afdeling behaal Wessels Grobler 'n vyfde plek, Wihan Koster 'n agtste plek en Hechter Ferreira 'n negende plek